higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

DIE SUID-AFRIKAANSE GESONDHEIDSORGSTELSEL
NKR VLAK 4

(9020064)

1 Maart 2018 (Y-Vraestel)
13:00–16:00

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.

NCV

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Skryf netjies en leesbaar.

NCVO

VRAAG 1

1.1 Kies 'n item uit KOLOM B wat pas by 'n beskrywing in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–L) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.1.1	Die totaal nadat begrote uitgawes van die begrote inkomste afgetrek is	A	billikheid ('equity')
1.1.2	Die besteding van fondse	B	begrotingsbalans
1.1.3	Dit speel 'n rol in privaat gesondheidsorgfinansiering	C	uitgawes
1.1.4	Geprojekteerde inkomste en uitgawes wat deur die Nasionale Reserwefonds vloei	D	horisontale afdeling
1.1.5	Die gehalte van regverdigheid ('quality of being fair')	E	volhoubaarheid ('sustainability')
1.1.6	Geskatte inkomste en uitgawes vir 'n vasgestelde tydperk	F	begroting
1.1.7	Is in staat om 'n sekere vlak van doeltreffendheid en doelmatigheid te handhaaf, ongeag risikofaktore	G	vertikale afdeling
1.1.8	Hoe die totale inkomste tussen plaaslike, provinsiale en nasionale regerings verdeel word	H	staatsinkomste ('revenue')
1.1.9	Besluit oor hoe nasionale fondse tussen die 9 provinsies verdeel sal word	I	Wet op Mediese Skemas (No. 131 van 1998)
1.1.10	Al die geld wat die regering met belastings insamel	J	nasionale begroting
		K	Wet op Openbare Finansiële Bestuur

(10 × 1) (10)

1.2 Noem die VYF fases van die finansiële bestuursiklus vir gesondheidsorg in Suid-Afrika in chronologiese volgorde. (5)

1.3 Noem die VYF beginsels van die monitering en beheer van gesondheidsorgfinansies. (5)

1.4 Toon met behulp van 'n diagram hoe die finansiering van gesondheidsorg in Suid-Afrika gestruktureer is. (10)

Kopiereg voorbehou

1.5 Ontleed die Suid-Afrikaanse gesondheidsuitgawes per bruto nasionale produk en bespreek of dit in ooreenstemming is met die regulasies van die Wêreldgesondheidsorganisasie en die Millenniumverklaring. Motiveer jou antwoord. (5 × 2) (10)

[40]

VRAAG 2

2.1 Verskeie opsies is gegee as moontlike antwoorde op die volgende vrae. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (2.1.1–2.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

2.1.1 Daar is twee soorte gesondheidsversekering ('health insurance'), naamlik …

A verpligte en nasionale.
B maatskaplike en strategiese.
C verpligte en vrywillige.
D nasionale en provinsiale.

2.1.2 SHI is die afkorting vir …

A Gesplete Gesondheidsversekering ('Split Health Insurance').
B Maatskaplike Gesondheidsinisiatief ('Social Health Initiative').
C Veilige Gesondheidsversekering ('Secure Health Insurance').
D Maatskaplike Gesondheidsversekering ('Social Health Insurance').

2.1.3 'n Nadeel van openbare gesondheidsorg is …

A lang wagperiodes.
B dat dit nie vir arm mense is nie.
C dat dit ontoeganklik is.
D dat dit duur is.

2.1.4 Vrywillige gesondheidsdienste dek dienste wat uitgesluit is van die openbare stelsel en waarvoor die individu betaal; dit staan bekend as …

A aanvullende dienste.
B dupliserende dienste.
C komplementêre dienste.
D mediese skemas.

2.1.5 SAID ('SARS') is die afkorting vir …

A Suid-Afrikaanse Inkomstediens.
B Suid-Afrikaanse Internetdiens.
C Suid-Afrikaanse Interpersoonlike Diens.
D Suid-Afrikaanse Imperiale Diens.

Kopiereg voorbehou

2.1.6 FIT is die afkorting vir … wat gehalteverbeterings in die lewering van gesondheidsdienste verseker.

A Fetale Immuniteitstoetse ('Foetal Immune Tests')
B Geloofsbedryfspanne ('Faith Industry Teams')
C Finansiële Geïntegreerde Taak ('Financial Integrated Task')
D Fasiliteitsverbeteringspanne ('Facility Improvement Teams')

2.1.7 Die NGV ('NHI') in Suid-Afrika het ten doel om die las van siekte te bestry; dit is …

A kanker.
B MIV/VIGS.
C hoë bloeddruk.
D diabetes.

2.1.8 Alle mense het die reg op optimale gesondheid wat verkry word deur uitvoering te gee aan hulle reg op ...

A voedsel en water.
B skuiling.
C onderwys.
D gesondheidsorg.

2.1.9 Die NGV ('NHI') is in ooreenstemming met die …

A Grondwet.
B Kinderwet.
C Wet op Mediese Skemas.
D Belastingwet.

2.1.10 Die gebruik van inligting- en kommunikasietegnologie vir gesondheidsorg staan bekend as ...

A E-gesondheid.
B IKT-gesondheid.
C internetgesondheid.
D elektroniese sorg.

(10 × 1) (10)

2.2 Noem die DRIE strome van PGS-herontwerp ('PHC re-engineering') binne die NGV ('NHI') se omvattende pakket. (3)

2.3 Kies die SEWE beginsels van die NGV uit die lys hier onder. Skryf slegs die gekose antwoorde in die ANTWOORDBOEK neer.

toeganklikheid; maatskaplike samehorigheid; aanspreeklikheid; doelmatigheid; doeltreffendheid; volhoubaarheid; billikheid; toepaslikheid; bekostigbaarheid

(7)

Kopiereg voorbehou

2.4 Jy moet 'n voorlegging doen oor Kutzin se raamwerk vir gesondheidsorg-finansiering. Ter voorbereiding vir jou voorlegging:

- Gee 'n kort beskrywing van Kutzin se raamwerk.
- Verduidelik die gesondheidsorgfunksies wat in die raamwerk geïdentifiseer word. (10 × 1) (10)

2.5 Een van die redes waarom die NGV geïmplementeer moet word, is om dekking te verskaf aan diegene wat nie deur mediese skemas gedek word nie.

Bespreek waarom mediese skemas nie as heeltemal doeltreffend beskou word nie. (5 × 2) (10)
[40]

VRAAG 3

3.1 Gesondheidsversekering is 'n manier om gesondheidsorg te finansier. Gebruik jou kennis van hierdie finansieringsmetode en beantwoord die volgende vrae:

3.1.1 Beskryf *vrywillige gesondheidsversekering*. Gee voorbeelde. (3 × 1) (3)

3.1.2 Verduidelik *verpligte gesondheidsversekering.* Gee voorbeelde. (3 × 1) (3)

3.1.3 Gee 'n kort beskrywing van die NGV ('NHI') (5 × 1) (5)

3.1.4 Noem DRIE voordele van verpligte gesondheidsversekering. (3)

3.1.5 Noem DRIE nadele van verpligte gesondheidsversekering. (3)
[17]

NCV

3.2 Lees die uittreksel hier onder en beantwoord die vrae.

Hoe Suid-Afrika se NGV gaan werk

Universele gesondheidsorg vir almal word in lande reg oor die wêreld heen aangetref. Dit is moreel noodsaaklik om te verseker dat diegene wat gesondheidsorg die nodigste het prioriteit geniet ongeag hul sosio-ekonomiese status.

Openbare hospitale wat deur die Kantoor vir die Voldoening aan Gesondheidstandaarde (KVGS) geakkrediteer is, mediese nooddienste en die Nasionale Gesondheidslaboratoriumdienste (NGLD) sal ook gekontrakteer word. Privaat dokters sal gekontrakteer word om dienste op primêre vlak te lewer. Dit sal uitgebrei word na gesondheidsorgverskaffers wat kan help om 'fisiese leerhindernisse' by skoolkinders aan te spreek, byvoordbeeld oudioloë, spraakterapeute, sielkundiges en oogkundiges.

Die Wet op Mediese Skemas sal gewysig word sodat mediese skemas slegs aanvullende dienste lewer. Niemand sal in 'n spesialis se spreekkamer kan inloop nie. Almal sal van onder af moet begin, daarom moet die basis verbeter word, sê Motsoaledi.

Motsoaledi sê geld moet vir die NGV gevind word. Daar is reeds R50 miljard vir primêre gesondheidsorg, maar die Tesourie het 'n aantal opsies voorgestel, waaronder belasting en 'n verhoging in BTW.

[Aangepas uit: *http://www.health24.com/News/Public-Health/how-south-africas-nhi-will-work-20151211*]

3.2.1 Verduidelik die vermeende voordele wat die NGV vir Suid-Afrika inhou. (5 × 1) (5)

3.2.2 Bespreek die rol wat die nasionale Kantoor vir die Voldoening aan Gesondheidstandaarde (KVGS) sal speel in die sukses van die implementering van die NGV deur te verwys na die doelwitte en funksies van die KVGS. (4 × 2) (8)

3.2.3 Motiveer of die stelsel sal werk in Suid-Afrika.
Gebruik voorbeelde in jou antwoord en bespreek moontlike implikasies. (5 × 2) (10)
[40]

VRAAG 4

4.1 Gee EEN woord/term vir elk van die volgende beskrywings deur 'n woord/term uit die lys hier onder te kies. Skryf slegs die woord/term langs die vraagnommer (4.1.1–4.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer. Elke antwoord mag slegs een keer gebruik word.

inflasie; bevolkingsregistrasie; Wet op die verdeling van Inkomste; kodering; finansiële jaar; primêre gesondheid(sorg); aanspreeklikheid; inisiatief; doeltreffendheid; grondwet; volhoubaarheid; krediet

4.1.1 Prysstygings

4.1.2 Die wet wat bepaal hoe jaarlikse inkomste gespandeer moet word

4.1.3 12-maandetydperk waarin finansiële aktiwiteite plaasvind

4.1.4 'n Individu of organisasie se verpligting om verantwoordelikheid te aanvaar vir besluite wat geneem is en die gevolge daarvan

4.1.5 Die reg op gesondheidsorg is in ooreenstemming met die inhoud van die …

4.1.6 Die vermoë om 'n taak in die minimum tyd en met die minimum hulpbronne af te handel

4.1.7 Administrasie, kliniese riglyne en beskikbare dokters is almal deel van die ideale kliniek …

4.1.8 Die vlak van sorg wat meestal deur die NGV se voordelepakket gedek word

4.1.9 Die stelsel wat gebruik sal word om vir NGV-dienste te betaal

4.1.10 Een van die sleutelkomponente vir die versterking van die NGV-plan.

(10 × 1) (10)

4.2 Noem VIER doelwitte van die NGV. (4 × 2) (8)

4.3 Bespreek VIER maniere waarop die 'top slice' in die verdeling van staatsinkomste gebruik word. (4 × 2) (8)

4.4 Suid-Afrika het 'n nasionale begroting wat fondse op grond van behoeftes aan die verskillende sektore en sfere van die regering toeken.

Som die raamwerk vir die fomulering van die nasionale begroting op en verduidelik dit. Met ander woorde: hoe word die begroting opgestel?

(4 × 2) (8)

Kopiereg voorbehou

4.5 Daar word gesê Suid-Afrika se gesondheidsorgstelsel loop gevaar om nie volhoubaar te wees nie omdat die finansiële verskille tussen die openbare en private sektore te groot is.

Verduidelik hoe jy bostaande stelling verstaan. (3 × 2) (6)
[40]

VRAAG 5

5.1 Definieer die volgende terme:

5.1.1 Tersiêre gesondheidsorg

5.1.2 Akademiese medisyne

(2 × 2) (4)

5.2 Noem VIER beginsels van akademiese gesondheidsorginstellings in Suid-Afrika. (4)

5.3 Lees die volgende gevallestudie oor die Fees Must Fall-beweging en beantwoord die vrae.

#feesmustfall: Kan ons 'n verskil maak?

Die onlangse #feesmustfall-betogings het baie gehelp om lig te werp op die feit dat daar baie bekwame, talentvolle en gretige studente is wat hulle toekoms deur middel van tersiêre onderrig wil verseker. Ongelukkig is die realiteit dat baie slim aspirantgegradueerdes eenvoudig nie toegang het tot genoegsame befondsing om hul tersiêre opleiding te voltooi nie.

Diegene wat minder simpatiek is teenoor betogings oor onderrig- en verblyfkoste, kan sê hulle moes werk om deur die universiteit te kom; so hoekom kan ander nie ook daarvoor werk nie. Daar is 'n magdom redes waarom dit in sommige gevalle nie moontlik is nie. Party studente moet dalk reeds vir hulle familie geld voorsien – alle ekstra geld wat hulle verdien, sal na die familie gaan. Ander studente kom dalk van skole waar vaardighede wat as noodsaaklik beskou word as gevolg van beperkte hulpbronne nie verkry is nie. In sulke gevalle moet hierdie studente baie meer tyd spandeer om hul vaardighede op dieselfde vlak te kry as dié van hul meer bevoorregte eweknieë.

Dit is duidelik dat iets gedoen moet word. Sluit aan by Let's Build Our Country Fund (LBOC Fund) wat deur Penny Mpanza gestig is. LBOC fokus daarop om Suid-Afrika se jeug op te voed, leiding te gee ('mentor') en te ontwikkel om hulle te bemagtig om leiers in hul eie reg te word. Een van die praktiese maniere waarop hierdie visie geïmplementeer word, is om jaarliks 1 000 studiebeurse beskikbaar te stel.

[Aangepas uit: https://different.org/2016/02/feesmustfall-can-we-make-a-difference/?]

Kopiereg voorbehou

Verduidelik hoe die volgende funksies van akademiese gesondheidsorg-instellings in Suid-Afrika 'n rol speel in die Fees Must Fall-beweging.

5.3.1 Bestuur ('governance') (3)

5.3.2 Finansies (3)

5.3.3 Onderriggewers ('teacher workforce') (3)

5.3.4 Inligting vir beleidvorming ('policy-making') (3)

5.3.5 Bespreek die moontlike gevolge (goed of sleg) van gratis tersiêre onderrig in Suid-Afrika. Gee voorbeelde in jou antwoord. (5 × 2) (10)

5.4 Hoe werk akademiese gesondheidsorginstellings saam met die arbeidsmark en gesondheidsmark om te verseker dat daar nie 'n tekort aan gesondheidswerkers in die land is nie? (10)

[40]

TOTAAL: 200

NCV

Kopiereg voorbehou